**15 Augustus**

**Moenie jou sonde goedpraat nie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 5:8-30**
**Fokusgedeelte: Jesaja 5:20**

Die volk van die Here word in hierdie gedeelte baie ernstig oor hulle sonde aangespreek. Verskeie sake word genoem, onder andere gierigheid (vs 8), drankmisbruik (vs 11) en ongeregtigheid (vs 18), terwyl hulle die Here nie wil ken nie (vs 13). In vers 20 gaan dit daaroor dat hulle die waarheid verdraai, heel waarskynlik om hulleself voor God en hulle gewete te verontskuldig en hulle wangedrag goed te praat. Daar staan hulle noem sleg goed en goed sleg, maak van duisternis lig en van lig duisternis, en sê dat bitter soet is en soet bitter.

Dit is ’n sonde waaraan ’n mens jou maklik skuldig maak. Jy verdraai die waarheid dalk nie skaamteloos en openlik nie, maar jy regverdig jou sondige gedrag met allerlei goedklinkende argumente. Tegelykertyd is daar dan ook baie redes waarom jy nie kan doen wat die Here van jou verwag nie. En so verontskuldig jy jouself voor God en voor jou gewete. Jy maak van duisternis lig en van lig duisternis en verwerp daardeur die Woord van God.

’n Mens of ’n volk wat so lewe, kan nie verwag om die seën van die Here te ontvang nie. Goed en sleg, lig en duisternis, soet en bitter staan direk teenoor mekaar. Daar staan in 1 Johannes 1:5 dat God lig is en dat daar geen duisternis in Hom is nie. Daarom kan jy ook nie aan Hom deel hê as jy in die duisternis lewe (1 Joh 1:6) of van duisternis lig probeer maak nie.

*Sing: Psalm 34:6* *Ds. Casper Breed (Secunda)*